

## 16. Jesus deur Pilatus gevonniss

**Mattheus 27: 11 - 30; Markus 15: 1 - 19;  
Lukas 23: 1 - 25 en Johannes 18: 28 - 38**

### **Die Jode lewer Jesus oor om gekruisig te word**

Die Jode weier om Jesus as hul Messias te erken. Hy het na sy eiendom gekom, maar hulle wil niks van Hom weet nie. Hy is vir hulle 'n ergernis wat hulle ten alle koste uit die weg probeer ruim. Hierdie hoofstuk fokus op die volgende hoofgedagtes:

- Jesus Christus word onskuldig veroordeel.
- Die kruisiging van Jesus is die vervulling van die Messiasverwagting.
- Jesus word deur sy eie mense verwerp.

### **Die raadsbesluit van God**

In die Nuwe Testament kom ons by die kern van God se openbaring aan ons in sy Woord. Alles in die Ou Testament wys heen na Jesus se koms en sy sterwe aan die kruis vir sondaarmense. Dit is betekenisvol dat die Here dit so beskik dat hierdie gebeure gedurende die Paasfees in Jerusalem plaasvind. Christus moet as Paaslam geslag word om vir ons sondes te betaal.<sup>94</sup> Sy bloed moet ons beskerm teen God se toorn op ons sondes, soos die bloed van die paaslam in Egipte die Israeliete se eersgeborenes beskerm het teen die doodsengel van die Here. So gaan God se raadsbesluit in vervulling.

### **Jesus verskyn voor Pilatus**

Nadat die Joodse Sanhedrin weens die sogenaamde godslastering die doodsvonnis oor die Here Jesus uitgespreek het, neem hulle Hom vroeg die volgende môre na die goewerneur, Pontius Pilatus, toe. Die Sanhedrin mag wel 'n doodsvonnis uitspreek, maar om dit uit te voer moet dit eers deur 'n Romeinse regter bekragtig word. Aangesien die Jode, veral die Sadduseërs, nog besig is om voor te berei vir die Pasga, wou hulle nie in Pilatus se paleis ingaan nie omdat dit hulle onrein sou maak en hulle dan nie die Pasga mag eet nie. Daarom kom Pilatus uit sy paleis om met hulle te praat waar hulle saamdrom.

---

<sup>94</sup> Jes. 53: 5 Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom.

Pilatus staan bekend as 'n streng en wrede regeerder. Vir bloedvergieting, selfs binne die tempel, deins hy nie terug nie.<sup>95</sup> Die Jode het seker gehoop dat Pilatus Jesus maklik skuldig sou bevind en Hom ter dood veroordeel, maar hy begin om Jesus sorgvuldig te verhoor. Hy wil by hulle weet watter oortreding Jesus begaan het. Die Jode probeer om die vraag te ontduik deur te sê: “As Hy geen misdadiger was nie, sou ons Hom nie aan u oorgelewer het nie.” Hierop antwoord Pilatus dat hulle Jesus dan self volgens hul wet moet oordeel as Hy 'n misdadiger is. Die Jode kon self iemand laat gésel of hom uit hul sinagoge verban.

### **Die Jode kla Jesus by Pilatus aan**

Die Jode is egter nie hiermee tevrede nie en skree dat hulle nie 'n persoon die doodstraf mag oplê nie, en dat hierdie man wel die doodstraf verdien. Nou moet hulle inderhaas met 'n aanklag teen Hom kom. Die klagstaat word opgestel met drie swaar aanklagte daarin. Die eerste klag is dat Hy die volk op 'n dwaalweg lei. Verder verbied Hy die volk om aan die keiser belasting te betaal, en laastens sê Hy dat Hy Christus, die Koning is.

Vroeër het die Joodse Raad Jesus ook van sogenaamde godslastering beskuldig, maar hulle weet dat Pilatus hom nie veel aan so 'n godsdienstige beskuldiging sal steur nie. Daarom kom hulle nou eerder met beskuldiging van politieke aard. Al drie beskuldiging is egter leuens. Wat die eerste twee beskuldiging betref, het Jesus net mooi die teenoorgestelde aan sy volgelingen geleer en ook gedoen.<sup>96</sup> Die derde beskuldiging is wel die waarheid, maar nie 'n politieke waarheid soos hulle dit aan Pilatus voorhou nie. Hulle probeer om Pilatus wys te maak dat Jesus 'n opstand teen die Romeinse keiser beplan. Daardeur probeer hulle Pilatus oorreed om Hom skuldig te bevind.

### **Pilatus ondersoek die aanklagte teen Jesus**

Pilatus is nou verplig om die aanklag te ondersoek, daarom vra hy vir Jesus: “Hoor U nie die swaar beskuldiging teen U nie?” Jesus antwoord hom egter nie. Daarop neem Pilatus Jesus saam met hom in sy paleis en vra Hom reguit of Hy die Koning van die Jode is. Jesus antwoord nie dadelik sy vraag nie, maar vra aan Pilatus of dit sy siening is en of hy ander mense dit hoor sê

---

95 Luk. 13: 1 En in dieselfde tyd was daar mense teenwoordig wat Hom berig gebring het van die Galileërs wie se bloed Pilatus met hulle offers gemeng het.

96 Matt. 22: 21 Hulle antwoord Hom: Die keiser s'n. Daarop sê Hy vir hulle: Betaal dan aan die keiser wat die keiser toekom, en aan God wat God toekom.

het. Pilatus het nie hierdie antwoord verwag nie en vra daarom ewe nors of Jesus dink dat hy, Pilatus, 'n Jood is. Hy wil nie as Jood gesien of behandel word nie.

Daarna vra Pilatus aan Jesus wat Hy gedoen het. Jesus vertel nou aan Pilatus meer van die aard en karakter van sy koningskap. Sy koninkryk is nie van hierdie wêreld nie. As dit so was, sou sy dienaars geveg het om te verhinder dat Hy deur die Jode oorgelewer word. Hierop wil Pilatus weet of Jesus dan tog 'n koning is. Jesus antwoord weereens bevestigend. Hy verklaar verder dat Hy juis gebore is en in die wêreld gekom het om vir die waarheid te getuig. Elkeen wat uit die waarheid is, luister na sy stem. Pilatus, wat heelwat van die wysbegeerte van sy tyd geweet het, vra met 'n siniese glimlag: "Wat is waarheid?"

Daarmee hou hy op om Jesus te ondervra. Dit is vir hom duidelik dat hy hier nie met 'n gevaarlike misdadiger te doen het nie. Hy neem Jesus weer na buite en sê vir die Jode dat hy nie kan sien dat Jesus aan enige misdryf skuldig is nie. Hulle skree egter vir Pilatus dat Jesus sedert Hy met sy prediking in Galilea begin het, die volk in opstand bring. Hierin sien Pilatus 'n uitweg om van die skreeuende volk ontslae te raak. As Hy van Galilea is, dan is Hy 'n onderdaan van Herodes, en Herodes is nou juis in Jerusalem vir die Paasfees. Daarom stuur hy Jesus na Herodes.

## **Jesus voor Herodes**

Herodes is baie bly om Jesus te sien, want hy het al baie van Hom gehoor. Hy hoop dat die Here een of ander wonder vir hom sal doen. Toe Herodes Jesus ondervra, antwoord Jesus hom nie soos hy verwag het nie. Jesus bly eerder doodstil. Voor Kajafas het Jesus sy godheid bely, voor Pilatus het Hy sy koningskap bely, maar hier voor Herodes bly Hy stil. Ook hierdie optrede van Jesus is deur Jesaja geprofeteer.<sup>97</sup>

Die owerpriesters en skrifgeleerdes beskuldig Jesus nou heftig en aangesien Jesus weier om Homself kragdadig te verdedig, verloor Herodes al sy respek vir Jesus. Saam met die soldate minag hy Jesus deur met Hom die spot te dryf. Hulle gooi 'n blink kleed om Jesus se skouers as bewys daarvan dat Hy 'n kwasi-koning is met wie hulle kan spot. Met hierdie kleed nog oor sy skouers stuur Herodes Jesus terug na Pilatus. Herodes en Pilatus word as

---

<sup>97</sup> Jes. 53: 7 Hy is mishandel, hoewel Hy onderworpe was, en Hy het sy mond nie oopgemaak nie; soos 'n lam wat na die slagplek gelei word en soos 'n skaap wat stom is voor sy skeerders - ja, Hy het sy mond nie oopgemaak nie.

gevolg van hul gesamentlike bespotting van Jesus weer vriende nadat hulle voorheen vyande was. Hul gemeenskaplike bespotting van Jesus maak hulle bondgenote.

### **Pilatus verklaar Jesus onskuldig**

Pilatus het gehoop dat Herodes die saak teen Jesus sou afhandel, maar dit het nie gebeur nie. Toe Jesus weer voor hom verskyn, roep hy die owerpriesters, die owerstes en die hele volk byeen om hulle toe te spreek. Hy stel dit duidelik aan hulle dat hulle Jesus daarvan beskuldig dat Hy na bewering die volk sou opsweep om teen die owerheid in opstand te kom. Pilatus sê nou dat hy hierdie bewering in hul teenwoordigheid deeglik ondersoek het en dat hy Jesus onskuldig bevind het.

Om egter seker te maak het hy Jesus ook na Herodes toe gestuur en ook hý het ondersoek ingestel en Jesus onskuldig bevind. Daar is dus twee gesaghebbende getuies wat saamstem dat Jesus niks gedoen het wat die dood verdien nie. Hy kan sover gaan om Jesus te laat gésel, maar daarna gaan hy Hom loslaat. Dit is die tweede keer dat Pilatus Jesus onskuldig bevind. Hy sal dit ook later nog 'n derde keer doen.

### **Jesus en Barabbas**

Van die moontlike loslating van Jesus wil die skare niks weet nie. Hulle word so rumoerig dat Pilatus se soldate moeilik die orde kan bly handhaaf. Die dreigende houding van die volk laat Pilatus beseef dat die situasie hand uit kan ruk en dat hy iets moet doen om die probleem op te los. Daarom maak Pilatus nou 'n nuwe plan. Dit is die gewoonte om elke jaar op die Paasfees iemand uit die gevangenis los te laat. Hy stel voor dat óf Jesus óf 'n berugte moordenaar met die naam van Barabbas losgelaat word. Pilatus is oortuig dat die volk nie vir die moordenaar sal kies nie, aangesien hy al twee keer aan hulle duidelik gemaak het dat hy geen skuld in Jesus vind nie. Jesus word deur hierdie optrede met misdadigers gelykgestel, aangesien Barabbas 'n misdadiger is.<sup>98</sup>

Terwyl Jesus en Barabbas langs mekaar staan, kom daar 'n bode by Pilatus met 'n brief van sy vrou. In die brief vra sy hom om niks aan Jesus te doen nie, want sy het die vorige nag 'n droom gehad wat haar baie ontstel het.

---

98 Jes. 53: 12      Daarom sal Ek Hom 'n deel gee onder die grotes, en met magtiges sal Hy buit verdeel; omdat Hy sy siel uitgestort het in die dood en saam met die oortreders getel was, terwyl Hy tog die sonde van baie gedra en vir die oortreders gebid het.

Hoewel Pilatus hom voorneem om beslis op te tree, skree die volk onder aanhitsing van die owerstes al harder en harder. “Weg met Jesus! Laat Barabbas los!” Pilatus is verslae oor die keuse van die volk. Hy wil van hulle weet wat hy dan met Jesus moet doen, want Hy is tog onskuldig. Die volk luister egter nie na rede nie en skreeu al harder: “Kruisig Hom! Kruisig Hom!”

Hulle skree so hard dat Pilatus bang word dat daar ’n oproer gaan uitbreek. Die volk plaas soveel druk op Pilatus dat hy naderhand onder hulle druk ingee. Pilatus staan gevolglik op, neem water en was sy hande. Daarna draai hy hom na die skare en sê aan hulle: “Ek is onskuldig aan die bloed van hierdie regverdige man”. Die volk is so met haat verblind dat hulle vir Pilatus sê dat Jesus se bloed maar op hulle en op hul kinders kan kom. God het self besluit om sy Seun oor te gee sodat Hy daardeur sondige mense regverdig kan maak.<sup>99</sup> Dit is God wat hier aan Barabbas vryheid gee ten koste van sy Seun. So is Jesus deur sy eie volk verstoot en verag.

### **Jesus word gegésel**

Pilatus bevind hom in ’n moeilike situasie. Hy wil Jesus nie veroordeel nie, maar die volk is so kwaad dat hy Hom nie durf vrylaat nie. Daarom besluit hy om Jesus te laat gésel. Hy hoop dat die volk deur sy optrede gepaai sal word as hulle Jesus se gegéselde liggaam voor hulle sien. Pilatus gee nou aan die soldate die opdrag om Jesus te gésel. Hy self gaan in sy paleis in. Hiermee beskou hy die saak as afgehandel. Hy sou Hom net laat gésel om die volk tevrede te stel, maar meer moet hulle nie van hom verwag nie.

Die soldate neem Jesus en slaan Hom op sy kaal rug totdat die bloed loop. Daarna gooi hulle ’n purper mantel om sy skouers, druk ’n riet as staf in sy hand en vleg ’n kroon van dorings wat hulle op sy hoof druk. Spottend kniel hulle voor Hom en slaan Hom in die gesig. Hulle gryp ook die riet uit sy hand en slaan daarmee op die doringkroon wat op sy hoof is. Ná ’n ruk laat Pilatus Hom weer na buite lei. Die volk sien hoe hulle Hom kamstig gekroon het as koning en besef dat die Romeine ook met hulle Messiasverwagtinge spot.

---

99 Rom. 3: 25 en 26 Hom het God voorgestel in sy bloed as ’n versoening deur die geloof, om sy geregtigheid te bewys deurdat Hy die sondes ongestraf laat bly het wat tevore gedoen is onder die verdraagsaamheid van God om sy geregtigheid te toon in die teenwoordige tyd, sodat Hy self regverdig kan wees en regverdig maak wie uit die geloof in Jesus is.

## **Pilatus lewer Jesus oor aan die Jode**

Pilatus wys nou na Jesus en sê: "Daar is die mens!" Hiermee wil hy te kenne gee dat die saak afgehandel is. Jesus is nou klaar gestraf. Die skare is egter nie hiermee tevrede nie en skreeu met haat en woede: "Kruisig Hom! Kruisig Hom!" In sy besluiteloosheid probeer Pilatus die verantwoordelikheid van homself afskuif na die skare, deur te sê dat hulle Jesus moet neem en Hom moet kruisig, want hy sien niks wat Jesus verkeerd gedoen het nie. Hulle moet weet dat as hulle Hom kruisig hulle 'n onskuldige teregstel. Hierop antwoord die leiers: "Ons het 'n wet, en volgens ons wet moet Hy sterwe, want Hy het Homself uitgegee as die Seun van God." Eindelik kom hulle met die ware rede voor die dag. Jesus moet doodgemaak word, nie omdat Hy 'n misdadiger is nie, maar omdat Hy Homself die Seun van God genoem het.

Volgens die Raad van God sou Jesus nie as 'n politieke oproermaker sterf nie, maar omdat Hy Homself as die Messias, die Seun van God, bekendgestel het en die Jode geweier het om Hom as hul Messias te aanvaar. Dus ook voor Pilatus is die beskuldiging dat Hy die Messias is, die enigste wat standhou.

## **Pilatus veroordeel Jesus tot die kruisdood**

Weer laat Pilatus Jesus na binne bring om hierdie nuwe aanklag te ondersoek. Hy wil by Jesus weet van watter dorp Hy afkomstig is en wie sy ouers is. Jesus antwoord nie onmiddellik sy vrae nie. Daarop sê Pilatus: "Praat U nie met my nie? Weet U nie dat ek mag het om U te kruisig en mag het om U los te laat nie?" Hierop sê Jesus aan Pilatus dat hy geen mag oor Hom sou gehad het nie as dit nie van bo deur God aan hom gegee was nie. Daarom het hy wat Jesus aan Pilatus uitgelewer het, groter sonde.

Daar is iets in Jesus wat Pilatus sukkel om te verstaan. Die manier waarop Jesus optree, maak groot indruk op hom. Weer gaan hy na buite en sê vir die Jode dat hy Hom gaan loslaat. Weer skree die Jode in woede: "As u Hom loslaat, is u nie die keiser se vriend nie! Elkeen wat homself koning maak, kom in verset teen die keiser!" Dit laat Pilatus skrik. Sê nou die Jode gaan kla hom by die keiser aan. Daarom laat hy Jesus weer na buite bring om voor sy regterstoel te verskyn. Hy self gaan sit op die regterstoel en sê vir die Jode: "Daar is julle Koning." Maar hulle skreeu: "Neem weg, neem weg, kruisig Hom!" Pilatus vra vir hulle: "Moet ek julle Koning kruisig?" Hierop antwoord die owerpriesters: "Ons het geen koning behalwe die keiser nie!"

Pilatus beëindig die verhoor deur toe te gee aan die druk van die Jode. Hy beveel dat Jesus gekruisig moet word en oorhandig Hom aan die soldate. So het Pilatus sy vonnis uitgespreek, maar in werklikheid was dit God wat Hom laat vonnis het, sodat Hy in ons plek gestraf kon word vir ons sondes.<sup>100</sup> Jesus moes duur betaal om ons los te koop van die vreeslike oordeel oor die sonde.<sup>101</sup>

### Die einde van Judas

Toe Judas sien dat Jesus aan Pilatus uitgelewer is en nie vrygelaat word selfs nadat Pilatus Hom onskuldig bevind het nie, besef hy die vreeslike verraad wat hy gepleeg het. Hy neem die 30 silwerstukke wat hulle hom betaal het om Jesus te verrai en bring dit terug na die owerpriesters en skrifgeleerdes. Hy sê aan hulle dat hy gesondig het deur Jesus onskuldig te verrai. Smalend antwoord hulle hom dat dit hulle nie traak nie. Judas gooi in sy wanhoop die 30 geldstukke in die tempel neer en vlug weg. Daardeur gaan die profesie van Sagaria in die Ou Testament in vervulling.<sup>102</sup> Judas word nou so deur sy gewete gejaag dat hy homself ophang.

So kom die verrai aan sy einde. Vir hom sou dit beter gewees het as hy nooit gebore was nie.<sup>103</sup> Die owerpriesters kan die geld nie in die skatkis van die tempel stort nie, omdat dit bloedgeld is. Daarom koop hulle daarvan 'n stuk grond as begraafplaas vir vreemdelinge.

- 
- 100 1 Kor. 15: 3 Want in die eerste plek het ek aan julle oorgelewer wat ek ook ontvang het, dat Christus vir ons sondes gesterf het volgens die Skrifte;
- 101 1 Kor. 6: 20 Want julle is duur gekoop. Verheerlik God dan in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort.
- 102 Sag. 11: 13 Hierop sê die HERE vir my: Gooi dit vir die pottebakker - die heerlike prys waarmee Ek deur hulle gewaardeer is! En ek het die dertig sikkels silwer geneem en dit in die huis van die HERE vir die pottebakker gegooi
- 103 Matt. 26: 24 Die Seun van die mens gaan wel heen soos daar van Hom geskrywe is, maar wee daardie man deur wie die Seun van die mens verrai word! Dit sou vir hom goed gewees het as daardie man nie gebore was nie.

**Aanbevole leesstukke:**

BOOYENS, M.J. 2005. Laat my lammers wei. Pretoria: EFJS Drukkers  
209 - 213 p.

GROENEWALD, E.P. 1968. Handboek Bybelse geskiedenis: Die Nuwe  
Testament. Pretoria: DBU. 391 - 400 p.

INGWERSEN, G. 2008. Die Bybel oorvertel vir oud en jonk. Pretoria: DBU.  
667 - 673 p.